higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

SKEP VAN NUWE ONDERNEMINGS
NKR VLAK 2

(3011032)

2 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 10 bladsye.

218Q1N2002

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.15) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 ’n ... is ’n onderneming wat uit 2 tot 20 mense bestaan.

A Eenmansaak
B Vennootskap
C Private maatskappy
D Beslote korporasie

1.1.2 Die koste om ’n enkele produk te produseer, staan bekend as ...

A eenheidskoste.
B wins.
C produksiekoste.
D verkoopsprys.

1.1.3 ’n ... voordeel is iets wat ’n onderneming so goed doen, dat dit vir ander ondernemings moeilik is om na te boots.

A Prys
B Mededingende
C Kompeterende
D Vaardigheids-

1.1.4 Voorbeelde van vaste bates wat dalk gekoop moet word om ’n onderneming te vestig, kan ... insluit.

A meubels en elektrisiteit
B grond en geboue
C ’n bankoortrekking
D lone

1.1.5 Die ... mark is die groep kliënte wat hoogs waarskynlik jou produk/diens sal koop.

A verskaffer
B voorraad
C teiken
D produksie

1.1.6 ... is ’n aktiwiteit wat gemeenskaplik aan alle organisasies in ’n sektor is.

A Wen
B Verkoop
C Verpakking
D Vervoer

1.1.7 Die eksterne faktore wat ondernemings beïnvloed, staan bekend as ...

A sterk punte en swakhede.
B sterk punte en geleenthede.
C geleenthede en bedreigings.
D swakhede en bedreigings.

1.1.8 Professionele liggaam vir rekenmeesters:

A SIACA
B SAIGR
C SACIA
D SAIAC

1.1.9 Die waarde wat vaste bates met verloop van tyd verloor terwyl dit in die onderneming gebruik word:

A Boekwaarde
B Bedryfsbates
C Depresiasie
D Akkumulasie

1.1.10 Die DBV is 'n voorbeeld van 'n ... organisasie.

A private
B niewinsgewende
C wins
D sekulêre

1.1.11 'n Moontlike manier om 'n nuwe onderneming te finansier:

A Bruikhuur
B Diefstal
C Bevordering
D Verskaffing

1.1.12 Hierdie organisasie reguleer kwalifikasies:

A KASA
B SQSA
C SAKO
D QSAS

1.1.13 Al die stappe wat 'n produk deurloop vandat dit 'n grondstof is totdat dit gebruik word, staan bekend as die ...

A verkoopsproses.
B koopproses.
C waardeketting.
D verspreidingskanaal.

Kopiereg voorbehou

1.1.14 Een van die volgende is ’n kenmerk van ’n diens:

A Tasbaarheid
B Beweegbaarheid
C Uitsluitbaarheid
D Ontasbaarheid

1.1.15 ... soos voedsel, lug, water en die noodsaaklikhede om te oorleef moet bevredig word.

A Fisiologiese behoeftes
B Veiligheidsbehoeftes
C Status en egobehoeftes
D Selfverwesenlikingbehoeftes

(15 × 2) (30)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.20) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Openingsvrae in die vraelys kan deur ’n ‘ja’ of ‘nee’ beantwoord word.

1.2.2 ’n Private maatskappy is ’n organisasie wat deur 2 tot 20 mense gestig word.

1.2.3 Primêre data is inligting wat ander mense oor jou teikenmark ingesamel het.

1.2.4 Sterk punte en swakhede is die interne faktore van jou onderneming.

1.2.5 Bemarkingsnavorsing kan gebruik word om die risiko van ’n nuwe mededinger te maksimeer.

1.2.6 Produk is een van die elemente in die bemarkingsamestelling.

1.2.7 ’n Slagspreuk is ’n slim frase of sin wat iets goeds oor ’n produk, diens of onderneming sê.

1.2.8 Selfoonondernemings word slegs as diensondernemings bedryf.

1.2.9 Gelykbreekpunt vertoon die beste op ’n lyngrafiek.

1.2.10 ’n Vraelys is ’n reeks vrae wat aan die individu gestel word om inligting te bekom.

1.2.11 ABSA Bank is ’n voorbeeld van ’n vervaardigingsonderneming.

1.2.12 Dit is nie nodig om jou teikenmark te oorweeg wanneer jy jou produkte of dienste adverteer nie.

Kopiereg voorbehou

1.2.13 Wanneer jy jou teikenmark omskryf, kyk jy ook na die digtheid van die mark.

1.2.14 Finansiële bydraes wat jy van vriende en familielede ontvang, is 'n vorm van ekwiteitfinansiering.

1.2.15 Maslow se behoeftehiërargie plaas veiligheid op die laagste vlak.

1.2.16 'n Verandering in die rentekoers het geen uitwerking op die ekonomie nie.

1.2.17 Die koopgewoontes van kliënte kan deur middel van 'n opname bepaal word.

1.2.18 'n Vennoot is iemand wat aandele in 'n onderneming besit.

1.2.19 'n Markuitvoerbaarheidstudie sal jou help om inligting oor die voornemende mark te bekom.

1.2.20 'n Staafgrafiek kan gebruik word om die resultate van die opname te interpreteer en om statistiese data te gee.

(20 × 1) (20)
[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 2

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.



Tim Olifant het 'n kursus in elektronika voltooi en besluit om 'n lugversorging-installeringsmaatskappy genaamd *Tim Cool Installations* (TCI) oop te maak. Sy familie het sy ambisie ondersteun en hom R 10 000 as kapitaal gegee. Hy bied die volgende dienste aan: installasies, herstelwerk, onderhoud. Hy verkoop ook reinigers. Hy hoop dat sy onderneming sal uitbrei sodat hy iets vir sy gemeenskap kan teruggee.

2.1 Noem TWEE redes waarom mense hul eie onderneming vestig. (2 × 2) (4)

2.2 Tim bedryf ’n diensonderneming.

Noem en verduidelik VIER eienskappe van ’n diens. (4 × 2) (8)

2.3 Identifiseer die vorm van eienaarskap wat vir Tim se onderneming geskik sal wees. (1)

2.4 Noem DRIE voordele van die tipe eienaarskap wat jy hier bo geïdentifiseer het. (3 × 2) (6)

2.5 Noem VIER goedkoop metodes om jou onderneming te adverteer. (4)

2.6 Noem TWEE bates van *Tim Cool Installations.* (2)
[25]

VRAAG 3

3.1 Bestudeer die skets hier onder en dui aan of jy met die volgende stellings SAAMSTEM of daarvan VERSKIL.



3.1.1 Wanneer die aanbod laag is, is die prys van ’n produk/diens laag.

3.1.2 Gelykbreekpunt is wanneer die aanbod en vraag dieselfde is.

3.1.3 Vervaardigers verskaf meer produkte wanneer die produk nuut op die mark is.

3.1.4 Die prys van ’n produk/diens is hoog wanneer die vraag daarna hoog is.

3.1.5 Effektiewe reklame van ’n produk/diens skep ’n toename in die vraag daarna.

(5 × 1) (5)

3.2 Verduidelik die verskil tussen ’n produk en ’n diens. (2 × 2) (4)

3.3 Noem DRIE nadele van ’n vennootskap. (3 × 2) (6)

3.4 Noem TWEE nadele daarvan om jou onderneming op televisie te adverteer. (2 × 2) (4)

3.5 Professionele ondernemings moet geregistreer word.

Noem DRIE voordele daarvan om lid van ’n professionele liggaam te wees. (6)
[25]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Tim het sy onderneming gevestig en het twee mense in diens. Hulle vra R 700 vir enige dienste gelewer. Hy besef dat hy meer geld nodig het om ander uitgawes te dek namate sy onderneming gegroei het. Hy het derhalwe R 40 000 van SD Bank geleen.

Sy maandelikse uitgawes is soos volg: :
Huurgeld: R 3 000
Petrol: R 1 800
Salarisse: R 6 000
Telefoon: R 900
Versekering: R 1 200

4.1 Bereken Tim se verwagte omset vir die maande Julie, Augustus en September. Teken en voltooi die tabel hier onder in die ANTWOORDBOEK.

Maande	Julie	Aug	Sept	Totaal
Dienste gelewer	10	25	30	65
Totale inkomste				

(4)

4.2 Noem VIER faktore wat veroorsaak dat mense 'n produk/diens koop. (4 × 2) (8)

4.3 Tim wil sy onderneming uitbrei, maar hy wil terugvoering oor sy kliënte se smaak en belangstellings kry.

4.3.1 Noem en verduidelik DRIE metodes waarop primêre data ingesamel kan word. (3 × 3) (9)

4.3.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen primêre en sekondêre data. (2 × 2) (4)

[25]

VRAAG 5

5.1 Noem die VIER P's van die bemarkingsamestelling. (4)

5.2 Voltooi die kontantvloeibegroting vir *Tim Cool Installations.* Skryf slegs die ontbrekende syfer langs die vraagnommer (5.2.1–5.2.7) in die ANTWOORDBOEK neer.

KONTANTVLOEISTAAT		
	November	**Desember**
Banksaldo aan die begin van die maand	R 23 000	**(5.2.4)**
INKOMSTE		
Kontantverkope	R 17 000	R 19 000
Kredietverkope	R 5 000	R 2 000
Ander inkomste	R 3 000	R 4 000
TOTALE ONTVANGSTE	**(5.2.1)**	**(5.2.5)**
BETALINGS		
Kontantaankope	R 18 000	R 14 000
Maandelikse uitgawes	R 11 700	R 11 700
Ander betalings	R 3 000	R 1 000
TOTALE BETALINGS	**(5.2.2)**	**(5.2.6)**
Banksaldo aan die einde van die maand	**(5.2.3)**	**(5.2.7)**

(11)

5.3 Noem en gee voorbeelde van die DRIE sakesektore. (3 × 2) (6)

5.4 Vertoon die kontantvloeibegroting van *Tim Cool Installations* gunstig? Staaf jou antwoord. (4)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 100

GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou